

INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|----|
| Voorwoord | 1 |
| Geskiedenis van die emigrante gedurende die vyf jaar na die slag van Bloedrivier..... | 3 |
| Pogings deur die Kaapse outoriteite aangewend om die emigrante dwarsboom..... | 3 |
| Die slag by die Oemwolosierivier en terugkeer van die Wenkmando | 5 |
| Die Imperiale regering weier om die Kaapse goewerneur se daad te bekragtig | 8 |
| Finale vernietiging van Dingaan se mag | 11 |
| Die stigting van die Republiek van Natal..... | 20 |
| Korrespondensie tussen die Volksraad en die Kaapse regering. | 22 |
| Insidente wat die Kaapse goewerneur aangespoor het om sy voorbedagte planne prakties uit te voer..... | 24 |
| Strafekspeidisie teen die Bakastam..... | 24 |
| Die sendelinge neem hul kans waar om die saak van die emigrante te benadeel | 25 |
| Voorbedagte stigting van 'n kafferlokasie op die suidelike grense van die Republiek Natal..... | 28 |
| 'n Amerikaanse handelskip arriveer by Port-Natal | 29 |
| 'n Hollandse handelskip arriveer in die hawe van Port-Natal | 32 |
| Die slag van Kongella, 24 Mei 1842..... | 34 |
| Die beleg en ontset van Durban..... | 37 |
| Insidente wat versoening onmoontlik gemaak het..... | 43 |
| Aankoms van die Britse kommissaris..... | 44 |
| Samevatting..... | 52 |

VOORWOORD

Dit is met groot genoeë dat ek 'n voorwoordjie skrywe vir hierdie brosjure, so geredelik deur mnr. Eric Stockenström, met die oog op ons Dingaansfeesvieringe vanjaar, opgestel.

Al lank leef die oortuiging by vele dat ons, as volk, meer kapitaal moes slaan uit die fees wat elke jaar op 16 Desember in ons hele Unie, ook in Rhodesië, en selfs in ander wêrelddele waar Suid-Afrikaners is, gevier word. Daarom is dit dat die Federale Raad van die vier Ned. Ger. Kerke in Junie l.l. in Durban (Natal) op sy vergadering besluit het om 'n klein kommissie te benoem, met mag van uitbreiding, om hierdie saak in oorweging te neem, en te probeer om elke jaar rigting aan te gee. Eers in September kon die lede in Bloemfontein saamkom om 'n begin te maak. Een van sy eerste besluite was om 'n predikant van die Hervormde, en ook een van die Gereformeerde Kerk, asook twee lede van die S.A. Akademie vir Taal en Lettere uit te nooi om ook op die Kommissie te dien.

Deur gebrek aan tyd was daar geen kans om veel te doen met die oog op 16 Des. 1925 nie. Die Kommissie hoop egter om vroeg aanstaande jaar weer byeen te kom, en dan te beraadslaag hoe om die beste aan sy opdrag te voldoen.

Wat gevoel word is dat die feesviering o.m. gebruik moet word om belangstelling op te wek, nie alleen in één klein stukkie van ons geskiedenis, hoe belangrik die ook mag wees nie, maar ook om andere belangrike gedeeltes van ons volksgeskiedenis onder die aandag veral van die jeug duidelik en kragtig te bring. Deurdar mnr. Stockenström, al was sy tyd kort, so gewillig was om iets op te stel, is hiermee 'n begin gemaak. Ek wil gebruik maak van hierdie geleentheid om hom die innige dank van die Kommissie oor te dra vir sy vriendelike en hooggewaardeerde hulp, en die vertrouwe uitspreek dat sy boekie so veel byval sal vind en so goed sal verkoop, dat die

Kommissie bemoedig sal word om aanstaande jaar weer iets te kan uitgee.

Die gedagte het ook opgekom dat op elke 16 Desember groot en belangrike volksake, veral op sedelike en godsdienstige gebied onder die aandag gebring moet word. Daar gebeur baie dinge in ons geliefde Suid-Afrika wat ruk en pluk aan die fundamente van ons volksbestaan. Daarom moet Dingaansdag al meer die geleentheid word waarop ons uitroep: "Ho, ha!" Hou bietjie stil! Span 'n oomblikkie uit! Draai om. Kyk agter toe. Dink aan die weg waarop ons gereis het. Bekyk die wa van binne en van buite. Kyk of die trekgoed in orde is, of die span osse nog in goeie kondisie is. Kyk vorentoe, en wees seker watter pad jy verder wil reis. In één woord: vergeet Gods leiding nie, en moenie daarvan droom om 'n groot en edel volk te word sonder die God van jou vaders nie.

Van harte vertrou ek dat ons klein begin tot iets groots mag lei. Al wat ons Kommissie nou vra is, help asseblief om die brosjure te versprei, en moenie vergeet om 'n sjieling kollekte vir die Afrikaanse Bybelvertaling op 16 Desember te hou nie.

A. F. LOUW,

Voors. Algemene Dingaansdag-Kommissie.

Bloemfontein,

20 Oktober, 1925.